NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 23 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Voorbidding gevra

Dr Andries Kritzinger van Orkney gemeente, is in Wilmed Park hospitaal ICU met Pankreatitis en is ernstig siek. Ons vra dat julle asseblief ernstig vir hom sal bid.

Emeritaat

Ds. SJ (Fanie) Bergh aanvaar op 31 Oktober 2017 emeritaat. Fanie sal op 22 Oktober 2017 sy afskeidspreek lewer by NG Potchefstroom-Wes.

Gratis optrede van Willie en Natasha Joubert by Potchefstrrom Die Bult

Willie en Natasha Joubert bied 'n lofprysingsaand aan op **15 Oktober 2017** by NG Potchefstroom – Die Bult, 42 Esselenstraat, Potchefstroom om 18:30. Almal is welkom en toegang is gratis! Navrae kan gerig word aan 018 293 0450. Kyk ook op Sinode Goudland se Facebook.

NG Kerk Falcon Ridge in Vereeniging

Bied 'n baba- en Kinder-ekspo aan op **Saterdag 28 Oktober** by hulle kerk. Kyk ook op Sinode Goudland se Facebook.

Die Preek Laboratorium

Het jy al ooit (selfs al was dit net vir 'n oomblik)...

- behoefte gehad dat jou preke 'n groter verskil moet maak?

- gewens dat jou preke mense se gedagtes kon stimuleer, hulle hart aanraak en hulle inspireer?
- gewens dat jy op 'n manier kontak met jou gehoor kon maak wat hulle vasgenael na jou laat luister?
- gewonder hoe jy jou preek (stap vir stap) kan voorberei om te verseker dat dit mense se lewens impak?
- gewonder hoe jy 'n preekstyl kan ontwikkel wat tegelykertyd eg is aan jouself en 'n "lasting impression" op mense maak?
- gewens dat jy maniere kon vind om verskillende tipes preke te lewer, maar telkens jou inhoud so kan struktureer dat dit mense aangryp?

Dan is Die Preek Laboratorium net die regte plek vir jou – 'n plek waar jy kan ontdek hoe, en oefen om, hierdie ideaal te verwesenlik.

Die Preek Laboratorium is 'n inisiatief van Coram Deo NG Gemeente in Vereeniging. Die doel daarmee is om 'n plek te skep waar predikers saam betrokke kan wees en werk aan:

- 'n proses van persoonlike ontwikkeling;
- 'n vakleerlingskap in die vaardighede van impak prediking;
- die ontwikkeling van innerlike sekuriteit en selfvertroue om met impak te preek;
- die bemeestering van metodes wat mense se lewens op alle vlakke van hul menswees raak; en
- praktiese inoefening van nuwe kennis, insigte en vaardighede.

Om meer inligting te bekom - OF jouself aan te meld om deel te neem aan Die Preek Laboratorium te word – kan jy gerus op die volgende webblad gaan loer: http://www.coramdeong.com/preeklaboratorium.html of kontak dr. Floris Knouwds by 016 4231205 of 0829272575. Kyk ook op Sinode Goudland se Facebook vir meer besonderhede.

NUUS VAN ONS SINODE

Sinode Goudland se sinodesitting

Let asseblief daarop dat ons sinode se sinodesitting op **31 Oktober 2017** te Helikonpark, die Tuiste van Sinode Goudland, plaasvind. Dit sal net 'n eendag-sinode wees. Meer besonderhede volg later.

Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes het akkommodasie beskikbaar

Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes is 'n welsynsorganisasie wat net soos ander soortgelyke organisasie swaar trek in 2017 agv unies, finansiële tekorte en eise wat daagliks toeneem, maar ek kan met 'n oop gemoed sê dat ons pragtige inwoners het.

Ons Tehuis is in die baie bevoorregte posisie om deel te wees van NG Welsyn en dus baat ons dikwels by die NG Kerke se diep gewaardeerde donasies. Baie dankie aan elke gemeente wat ons finansieël ondersteun!

Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes het akkommodasie beskikbaar vir 123 inwoners. Ons het tans slegs 86 inwoners. Ons het deur ons waglys gewerk en het dus tans akkommodasie beskikbaar. Indien daar dus enige bejaardes

in enige gemeente is wat swaarkry en inwoning benodig kontak ons asseblief sonder enige huiwering.

Gordyne benodig

Ons het op ‘n punt begin met die opknap van ons tehuis en het gevind dat ons ‘n groot tekort het aan gordyne. Mag ek ‘n vriendelike versoek tot u rig dat ongebruikte gordyne aan ons Tehuis geskenk kan word?

Ons het tans ses keer per week geestelike byeenkomste (drie NG Kerk byeenkomste) waarby ons inwoners geweldig baie baat. Ons dank aan elke predikant/gemeente wat tyd af staan om ons Bejaardes te besoek en weekliks ‘n besielende boodskap aan hulle bring.

Raak betrokke by ons bejaardes

Ons rig ook graag ‘n vriendelike uitnodiging aan elke gemeente om ons Tehuis vir Bejaardes te besoek. U kan selfs u kategese groepe/tiener groepe/damesgroepe en/of selgroepe bring om by ons Bejaardes te kom gesels, aktiwiteite aan te pak soos om ‘n kamer te verf, ons groentetuin te help ontwikkel, vir ons bejaardes te kom voorlees ens. ens. Enige aktiwiteit sal geweldig waardeer word.

Ons sien uit daarna om u by ons Tehuis vir Bejaardes te verwelkom!

Igna Steyn - Bestuurder - Epos: klerksdtvb@mweb.co.za

MISSIONALE KERKWEES

Konferensie oor Missionale gemeentes by Noordelike Sinode

- Hoe help ons gemeentes op die pad na missonale kerkwees?
- Hoe bemagtig ons lidmate om deel van die missionale reis te wees?
- Hoe vestig ons nuwe geloofsgemeenskappe?

Kom neem deel aan die gesprek op **9 November 2017** vanaf 09:00-13:00 by Stellastraat-gemeente!

Sprekers: Dr Gert Cordier: Vyf-voudige bediening an gemeentes; Missionale vraelys vir gemeentes
Ds Jana de Lange: Voorbeelde van Nuwe Geloofsgemeenskappe en Fresh Expressions

Koste: R50.00 pp. VBO punte sal toegeken word.

Inskrywingsvorm beskikbaar by Sandra Grobler by sandra@noordsin.co.za. Stuur asseblief die voltooide inskrywingsvorm en dié bewys van betaling vóór **27 Oktober 2017** terug na sandra@noordsin.co.za.

Navrae: Dr Chris Harris, 082 335 1155 (met dank aan Verskil)

Hugenote Kollege: Opleiding vir ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe

Sedert die begin van 2017 het Hugenote Kollege begin om die droom om leiers (pioniers) van groepe wat betrokke is by die ontwikkeling en die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe op te lei, te verwesenlik. Die kursus wil leiers toerus met die basiese kennis en vaardighede om binne spanverband uit te reik na nie-Christene en buitekerklikes, hulle op ’n kultuursensitiewe wyse aan die evangelie bloot te stel en deel te maak van ’n dissipelmakende geloofsgemeenskap. Inskrywings vir Januarie 2018 is nou oop! Lees meer. (met dank aan VrydagNuus)

JEUGBEDRYWIGHEDE

Dagboek solank #Imagine2018 - Nampo: 6-8 April 2018!!

VBO Kursus in skoolbediening 13-15 November 2017

Kinders het 'n baie groot behoefte aan geestelike ondersteuning en mentorskap. Ons is baie bevoorreg om in ons skole betrokke te kan wees en wil jou graag bemagtig om doeltreffend en sinvol in skole te kan bedien.

Ja, jy hoef nie te wag dat die kinders na jóú gemeente toe kom nie – jy kan na hulle toe gaan!

'n Omvattende VBO kursus (28 Punte!!) om jou voor te berei en te bemagtig om doeltreffend met kinders/tieners te werk en om jou voor te berei om in die skoolkonteks betrokke te wees.

- Leer hoe om doeltreffend met tieners te werk.
- Word opgelei as fasiliteerder in John C Maxwell se uitstekende LEAD TODAY leierskapmateriaal.
- Kry die geleentheid om aktief begelei te word om jou missionale opdrag in die skoolkonteks uit te leef.

Slegs R300 sluit drie etes en verversingsings! (sterk gesubsidieer deur die NG Sinode Hoëveld)

Vir jeugbediening: "Stuff you can use"

'n Oulike webblad wat oorloop van materiaal wat vir jeugbediening gebruik kan word, is te vind by www.stuffyoucanuse.org. Daar is ook 'n gratis epos-diens waarop mens kan inteken. Toets dit bietjie uit en laat weet hoe bruikbaar julle dit vind. (met dank aan Grenspos)

FutureNow
THE YOUTH IS THE FUTURE
AND THE FUTURE IS NOW

Bied aan:

'n Omvattende VBO kursus om jou voor te berei en te bemagtig om doeltreffend met tieners te werk en om jou voor te berei om in die skoolkonteks betrokke te wees.

- Leer hoe om doeltreffend met tieners te werk.
- Word opgelei as fasiliteerder in John C Maxwell se uitstekende LEAD TODAY leierskapmateriaal.
- Kry die geleentheid om begelei te word om jou missionale opdrag in die skoolkonteks uit te leef.

Kursus oorsig

DAG 1 (13 November)
- Kreatiewe Aanbieding – Publieke optrede en aanbiedings.
- Logistiek – Beplan veilige omgewings vir effektiewe bediening.
- Tegniese elemente – Tegnologie as ondersteunende hulpmiddel.

DAG 2 (14 November)
- Leierskap ontwikkeling – LEAD Today fasiliteerder opleiding

DAG 3 (15 November)
- Skolebediening – Strategieë vir effektiewe skolebediening.
- 'n Fokus op verhoudings – Bou 'n fondasie van volhoubaarheid.
- Mentorskap – Antieke paradigmas vir 'n nuwe benadering.
- Jy en FutureNow – Akkreditasie vir die skoolkonteks.

Slegs R300 sluit drie etes en verversings in!
(sterk gesubsidieer deur Sinode Hoëveld)

13-15 November 2017
NG Gemeente Jubilaté
(h/v Wordsworth en Reaper str, Farrarmere, Benoni)
28 VBO punt kan verdien word!!

Vir meer inligting: Janco - 083 791 5843 / Gert - 074 885 6315

Bespreek by: www.futurenow.org.za / gert@futurenow.co.za

NG Sinode Hoëveld

NUUSBROKKIES

Met leedwese

- Ds Marius Johnson, klas van 83 by Tuks, en leraar van Montana, is nou onlangs oorlede is. Hy was 'n klas-

maat van ‘n hele paar Goudlanders.

- Prof Bethel Müller (14-04-1931 tot 09-10-2017). Die sinode betreur die heengaan van prof Bethel Müller, befaamde teoloog (die laaste van ‘n geslag dalk?), natuurliefhebber, oud-Dagbreker, entoesiastiese BTK-er en diep gelowige. Mag die Here se genade troos bring aan sy eggenoot Belia, vier seuns, uitgebreide familie, vriende, kollegas, oudstudente en vele ander wat oor jare deur sy lewe aangeraak is. Ons eer sy besondere nagedagtenis. (met dank aan VrydagNuus)

UP Kanseliersmedalje vir teologie aan Piet Meiring

Ons hartlike gelukwense aan prof Piet Meiring, wat die Kanseliersmedalje tydens die Universiteit van Pretoria se Lentepromosiepletigheid in September ontvang het as erkenning vir sy bydrae tot die land en om waardes soos integriteit, etiese leierskap, vrede en verdraagsaamheid voor te staan.

Meer oor hierdie gerespekteerde teoloog, van wie aartsbiskop Desmond Tutu getuig het dat hy “ ‘n sagte houding en ’n Bybelse besorgdheid vir geregtigheid en medelye” gehad het, is hier te lese.

Belangstellendes kan gerus ook e-Kerkbode se berig oor prof Meiring se bydrae oor ekonomiese geregtigheid tydens ’n UP-konferensie oor versoening in Pretoria lees. Klik hier. Lees ook CLF se onderhoud met hom hier.

Mighty Men Oos Kaap 2-4 Maart 2018

Ds David Higgs laat weet: 2018 se Mighty Men byeenkoms is DV volgende jaar net buite Humansdorp op die plaas Geelhoutboom. Kaartjies kan voor die tyd by itickets gekoop word.
Besoek gerus die Facebook Page of Instagram of Webblad
Vir navrae kan Eugene (0823783839), Rossouw (0836346255) of Tommie (02845112709) geskakel word.

INTERESSANTE ARTIKELS

NT Wright: Our understanding of Jesus’ crucifixion

Have we missed something important in our understanding of Jesus’s crucifixion? That’s the key question that Professor Wright discusses in this interview with ChurchLeaders.com.

Here’s a tantalizing taste of their discussion: *‘The story of Israel is the story of how the creator intends to rescue the creation. The story of Jesus is how God comes in person to rescue Israel in order to achieve that ultimate end.”*

You can listen to the whole thing here. (met dank aan Grenspos)

Glimlaggende gemeentes!

Die meerderheid kerke streef seker daarna om as oop en verwelkomend beskou te word. As verbygangers of besoekers jou gemeente moes beoordeel, sou hulle aan julle dink as ‘n vriendelike klomp?

Is daar ‘n “glimlag” op julle gemeente of kerkgebou se gesigte? Dalk wil jy hier lees en self toets hoe julle vaar. (met dank aan VrydagNuus)

Hoekom hou mense nie van Christene nie?

In Blitspos, die Hervormers se e-nuusbrief, gee Etienne Fourie goeie stof tot nadenke as hy ene Joshelek se redes waarom mense nie van Christene hou nie, een vir een uitpak.

Etienne se vertrekpunt is dat Christene moet kennis neem, nie teenargumente formuleer of reageer met “ons is darem nie almal so nie ...”. Want, voeg hy by, “as ons kan sien hoe ander mense ons sien, kan ons dalk iets begin doen om God se liefde meer en meer in ons lewens sigbaar te laat word.” Die volledige artikel, met dank aan Blitspos en Etienne, is hier. (met dank aan VrydagNuus)

BYBELMEDIA

Nuwe VONKK-webwerf!

Op 4 Oktober het 'n nuwe era vir VONKK-musiekgebruikers begin met die bekendstelling van hulle splinternuwe webwerf. Volledige inligting hoe om musiek van die nuwe webwerf af te laai, is by www.vonkk.co.za – volg net die stappe soos aangedui. Navrae: kontak Bybel-Media by 021 864 8228

Liedboek-app splinternuut!

Bybel-Media laat weet dat hulle pas die Liedboek-app wat deur die NG Kerk en NHK gebruik word, opgedateer het met nuwe funksies en 'n nuwe gebruikerskoppelvlak. Meer inligting oor hierdie app (en al BM se ander apps) is beskikbaar by http://apps.bybelmedia.org.za/. Lees verder

Lees in die November-uitgawe van LiG ...

LiG se November-uitgawe gaan jou oë laat vonkel! Nadia Beukes vertel van haar droomtoer na New York, en ons word geïnspireer deur gewone mense wat groot droom én doen.

LiG vertel watter vaardighede jou kind kan aanleer wanneer hy help in die kombuis. (Ja, dit is die gemors werd!) Ons vra ook wat sukses in God se oë regtig is, en kyk wat die Bybel oor sterre sê.

Ons praat oor die hoekoms, moets en moenies van tienerselfdood. En vertel van 'n vrou wat 22 jaar lank aan kleptomanie gely het. Kundiges gee ook raad vir vroue wat voel dat hulle mans nooit tuis is nie.

Ons gee heerlike, gesonde kos-idees en maak lesers mooi. LiG gee jou die geleentheid om stil te raak, te ontspan en jou lewe te verryk met mooi, sinvolle inhoud.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS